Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

SEPTEMBER 2020

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

TYDELIKE MAATREËLS OM COVID-19 SE IMPAK OP BELASTINGBETALERS SE BEURSIES TE VERLIG

ALLE BELASTINGBETALERS wat weens die Covid-19-pandemie in finansiële nood verkeer, moet asseblief ag slaan op die volgende tydelike verligtingsmaatreëls soos deur die Raad goedgekeur.

1. VERDERE VERLENGING VAN AFBETALINGSOOREENKOMSTE

In gevalle waar sake- of residensiële kliënte reeds 'n ooreenkoms met Munisipaliteit Overstrand aangegaan het om hul munisipale rekeninge oor 'n langer tydperk te vereffen, kan daardie betalingsooreenkomste nou soos volg verleng word.

Sakeondernemings:

Die Raad het besluit dat die tydperk wat aan sakeondernemings gegun is wat weens finansiële nood nie in staat is om hul betaalbare rekeninge te vereffen nie, verleng moet word om rekeninge vir Julie 2020 en Augustus 2020 onderskeidelik in te sluit. Daar sal van sodanige ondernemings verwag word om 'n verlengde afbetalingsooreenkoms ingevolge Overstrand se beleid oor kliëntesorg, kredietbeheer en skuldinvordering aan te gaan wat dit vir hulle moontlik sal maak om agterstallige bedrae in gelyke paaiemente oor 'n tydperk van ses maande af te betaal sonder dat 'n deposito verlang word.

Residensiële kliënte:

Die Raad het besluit dat die tydperk wat aan residensiële kliënte gegun is wat weens finansiële nood nie in staat is om hul betaalbare rekeninge te vereffen nie, verleng moet word om rekeninge vir Julie 2020 en Augustus 2020 onderskeidelik in te sluit. Daar sal van sodanige kliënte verwag word om 'n verlengde afbetalingsooreenkoms ingevolge Overstrand se beleid oor kliëntesorg, kredietbeheer en skuldinvordering aan te gaan wat dit vir hulle moontlik sal maak om agterstallige bedrae oor 'n tydperk van 12 maande af te betaal sonder dat 'n deposito verlang word.

2. GEEN HEFFINGS OP KENNISGEWING VAN AGTERSTALLIGE REKENINGE NIE

Grootmaatverbruikers sowel as residensiële kliënte se aandag word daarop gevestig dat die Raad besluit het om alle gelde verwant aan die administrasie van, sowel as kennisgewings rakende agterstallige rekeninge vir die maande Julie 2020 en Augustus 2020 onderskeidelik ter syde te stel. Hierby ingesluit is teksboodskappe, 14-dae-kennisgewings en 24-uur-kennisgewings wat op grootmaatverbruikers bestel word.

3. SPELING VIR AFGETREDE EN GESTREMDE PERSONE WAT VIR SPESIALE KORTINGS WIL AANSOEK DOEN

Afgetrede en gestremde persone kwalifiseer vir spesiale kortings op eiendomsbelasting. *Om vir só 'n korting te kwalifiseer, moet die aansoeker:*

- 'n Suid-Afrikaanse burger wees
- Die geregistreerde eienaar van die betrokke eiendom wees
- Die gemelde eiendom as sy/haar primêre woning bewoon
- Nie meer as een eiendom besit nie
- Ten minste 60 jaar oud wees of 'n gestremdheidspensioen van die staat ontvang
- 'n Bruto maandelikse huishoudelike inkomste van minder as agt maal 'n staatspensioen per maand hê (d.w.s. minder as R14 880)

Om aan afgetrede en gestremde belastingbetalers meer tyd te gun om die nodige dokumentasie ter ondersteuning van hul aansoeke om 'n spesiale korting op eiendomsbelasting te bekom, het hulle nou tyd tot 30 November 2020 om hul aansoeke by Overstrand se eiendomsbelasting- en databeheerkantoor in te dien.

Navrae ten opsigte van enige van die voormelde kan gerig word aan die eiendomsbelasting- en databeheerkantoor by 028 313 8000. 'n Ander opsie is om 'n e-pos te stuur aan enquiries@overstrand.gov.za. Onthou om u rekeningnommer, u naam en van en 'n kontaknommer te vermeld.

NOG 'N OPSIE IS OM U NAASTE MUNISIPALE KANTOOR TE KONTAK:

- KLEINMOND: 5de Laan 33, Kleinmond; Tel: 028 271 8400
- HERMANUS: Magnoliastraat, Hermanus; Tel: 028 313 8000/8111
- STANFORD: Koningin Victoria-straat 17, Stanford; Tel: 028 384 8500
- GANSBAAI: Hoofstraat, Gansbaai; Tel: 028 384 8300

Aansoekvorms vir kortings is ook beskikbaar op Overstrand se webwerf: **www.overstrand.gov.za. Klik op Documents > Forms.*

'N VOEDSAME HUPSTOOTJIE VIR DIEGENE IN *SELF-ISOLASIE* OF *KWARANTYN*

Middel-Julie het Overstrand se Covid-19-rampbestuurspan 'n welkome skenking van 120 voorafverpakte bokse stampvol nie-bederfbare voedselitems soos blikkieskos en bone sowel as netjies verseëlde vars groente ontvang om te help met die voorsiening in die behoefte aan voeding van diegene wat regstreeks deur Covid-19 geraak word.

Hierdie donasie is moontlik gemaak danksy 'n vennootskap tussen Nedbank Hermanus en die Voëlklip OK MiniMark.

"Ons hoop hierdie kos maak isolasie en herstel 'n bietjie minder skrikwekkend vir daardie inwoners wat weens 'n positiewe Covid-19-toets in kwarantyn is of wat moet self-isoleer omdat hulle aan die virus blootgestel is," het Werner van der Merwe, Nedbank Hermanus se bestuurder: handelsbankwese gesê.

By ontvangs van die voorafverpakte bokse het Lester Smith (senior bestuurder: brandweer-en-redding-, rampbestuur- en sekuriteitsdienste) weer eens sy waardering betuig teenoor elke individu, organisasie en sake-onderneming wat so gulhartig intree om die nood van ander in hierdie moeilike tye te help verlig.

Hy het ook die geleentheid gebruik om te bevestig dat wyksraadslede hulp aan Overstrand se rampbestuursentrum verleen om die kwesbaarste huishoudings te identifiseer wat 'n dringende behoefte aan kospakkies soos hierdie het.

GULHARTIGE SKENKING: *(agter l-r) Brian Lobb (MO-rampbestuur), Lester Smith, Marinette Geldenhuys (Nedbank), Werner van der Merwe, Esmarie Joubert (Voëlklip OK MiniMark), Ricardo Solomon (MO-rampbestuur), Sarolyn Coert (MO-rampbestuur). Voor verskyn Enrico Solomons (MO-rampbestuur), Samantha Maritz (Voëlklip OK MiniMark), Nadia Cloete (Voëlklip OK MiniMark) en Unica Booysen (MO-rampbestuur)*

JONGSTE OOR SPESIALE-AANSLAGGEBIEDE:

➢ *HSRA op koers*
➢ *KSRA & OVSRA uitgestel*

Na aan die einde van Julie 2020 het die Raad 'n versoek toegestaan dat die inwerkingtreding van die **Kleinmond-spesiale-aanslaggebied (KSRA)** en die **Onrus-Vermont-spesiale-aanslaggebied (OVSRA)** met een jaar uitgestel word.

Beide SRA's beoog die aankoop en installering van kringtelevisiekameras as 'n eerste fase, terwyl OVSRA ook van voorneme is om 'n patrolliediens in te stel. Gegewe die huidige situasie kan nie een van hierdie geïmplementeer word tot tyd en wyl beperkings ingevolge die inperking weliswaar opgehef is nie.

'n Direkte uitvloeisel van hierdie uitstelling is dat die eerste addisionele heffing van toepassing op beide die KSRA en OVSRA nou eers van 1 Julie 2021 betaalbaar sal wees.

Ondanks oponthoude met die inkorporasie en registrasie van **Hermanus Public Protection (HPP)** as bestuursliggaam van die Hermanus-spesiale-aanslaggebied (HSRA) sal HHP se sakeplan egter na verwagting Oktober/November vanjaar in werking tree waarna dienste 'n aanvang sal neem.

Gewysigde Overstrand Munisipale Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning nou van krag

Die burgemeesterskomitee het die Gewysigde Overstrand Munisipale Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning sowel as die inkorporering van Munisipaliteit Overstrand se grondgebruikskema en oorlegsones by vermelde verordening op 24 Junie 2020 goedgekeur. Let ook daarop dat ná publisering van die voormelde in die Provinsiale Koerant op 7 Augustus 2020 die gewysigde verordening nou in werking getree het.

Digitale afskrifte van die Overstrand Munisipale Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, grondgebruikskema en oorlegsones is beskikbaar via die amptelike munisipale webwerf by https://www.overstrand.gov.za/en/documents/town-planning/by-laws/overstrand-municipality-amendment-by-law-on-municipal-land-use-planning-2020.

Human Wildlife Solutions (HWS) is vir die volgende drie jaar aangestel om die bobbejaanprogram te bestuur in daardie gebiede van Overstrand waar mense probleme met bobbejane ondervind, en omgekeerd.

HWS spesialiseer daarin om oplossings te vind vir konflik tussen mens en dier op die stedelike rand en maak vir hierdie doel gebruik van vernuwende strategieë en die jongste tegnologie wat ingryping tot die minimum beperk om probleemdiere te beheer met die voorneme om die beginsels van bewaring gestand te doen en die integriteit van ekosisteme te beveilig. Tans behels die bobbejaanbeheerprogram die gebruik van tegnologie in die vorm van 'n "virtuele hindernis" in die Voëlklipgebied, terwyl bobbejaanmonitors ingespan word om die trop in Pringlebaai in toom te hou.

Hiervandaan vorentoe:

In 'n vorige uitgawe het *Bulletin* breedvoerig berig oor die sukses wat behaal is met die ontplooiing van 'n "virtuele hindernis" om te verhoed dat die trop wat in die berge bokant Hermanus rondtrek dit in die dorp waag. Soos duidelik uit daardie artikel blyk, het hierdie hindernis in hoofsaak ten doel om die bobbejane sover te kry om na hul natuurlike habitat terug te keer waar hulle 'n allerbelangrike rol vervul in die herstel van biodiversiteit en die handhawing van die gebied se ekologiese integriteit.

Gegrond op die sukses wat met hierdie hindernis behaal is, gaan dit nou ooswaarts uitgebrei word om ook die troppe by Vogelgat/Voëlklip/Hamilton-Russell en Onrus in te sluit met die voorneme om, op die lange duur, hierdie tegnologie ook in te span om die troppe weswaarts te beheer, d.w.s. dié in Kleinmond/Bettiesbaai/Pringlebaai en Hangklip. Elke keer wanneer HWS se span kundiges ingeroep word om 'n trop te beheer, is hul vertrekpunt om eers die trop te moniteer sodat hulle insae kan verkry in hoe die trop beweeg, waar hulle slaapplekke is en waar hulle kos soek voordat enige aanbevelings gemaak word oor hoe die trop beheer moet word.

Oorlegpleging met belangstellende en belanghebbende partye:

Weens die huidige inperkingsmaatreëls kon daar nog nie ooreengekom word oor hoe die troppe weswaarts in die besonder beheer moet word nie omdat geen van die beplande inligting- en besprekingsessies kon plaasvind nie.

Munisipaliteit Overstrand het nietemin 'n lys van belangstellende en belanghebbende partye in die onderskeie dorpe saamgestel en sal binnekort met hierdie partye in verbinding tree sodat "virtuele" vergaderings gereël kan word om Overstrand/HWS se bobbejaanbeheerprogram te bespreek en om gedagtes uit te ruil.

Teen druktyd was die datums van hierdie virtuele vergaderings nog nie gefinaliseer nie. As u intussen enige vrae het oor die proses of wil seker maak dat u naam op die lys van belangstellende en belanghebbende partye verskyn, kontak asseblief u wyksraadslid:

- **Wyk 3 - Kari Brice: kbrice@overstrand.gov.za / 083 650 4206**
- **Wyk 13 - Jean Orban: jorban@overstrand.gov.za / 072 955 2986**
- **Wyk 9 - Grant Cohen: gcohen@overstrand.gov.za / 072 436 9068**
- **Wyk 10 - Fanie Krige: fkrige@overstrand.gov.za / 082 773 7749**

Wes-Kaapse minister van menslike nedersettings, Tertuis Simmers, oorhandig die sleutels aan trotse nuwe huiseienaar Christine Gouw (67).

HAWSTON HEIGHTS
FASE 2 NADER VOLTOOIING

Op 30 Julie 2020 het die Wes-Kaapse minister van menslike nedersettings, Tertuis Simmers, die sleutels van die eerste tien behuisingseenhede wat deel uitmaak van Fase 2 van die Hawston geïntegreerde residensiële ontwikkelingsprojek (IRDP) oorhandig.

Die oorhandiging van huise in hierdie R80,6 miljoen ontwikkeling (bekend as Hawston Heights) sal in fases geskied. Die eerste 63 eenhede is in Desember laasjaar as deel van Fase 1 oorhandig, terwyl Fase 2 in totaal uit 'n verdere 39 eenhede bestaan. As alles volgens plan verloop, sal al ses fases teen Desember 2020 voltooi wees.

Hierbenewens vorder werk aan die R43 en die kruising by George Viljoen-straat goed.

Hierdie opgradering sal verseker dat begunstigdes en hul gesinne veilige toegang van en na eiendomme en ander gemeenskaplike fasiliteite het soos crèches, skole, kerke en winkels wat aan die anderkant van die besige R43 sit.

Die koste van die opgradering word op R10,3 miljoen geraam en sluit links- en regsdraaibane in beide rigtings, verkeersligte, 'n verkeerseiland en 'n voetgangeroorgang in. Die opgradering word gesamentlik befonds deur Munisipaliteit Overstrand en die Wes-Kaapse departement van menslike nedersettings.

Die opgegradeerde pad is allerbelangrik om toeganklikheid tot die behuisingsontwikkeling te verbeter wat uiteindelik uit 489 erwe gaan bestaan, insluitende 107 wooneenhede vir die bekostigbare behuisingsmark ooreenkomstig die finansieringgekoppelde individuele subsidieprogram (FLISP), 378 residensiële bo-struktuurpersele wat onder die Breaking New Ground (BNG)-program ressorteer, twee sakepersele, twee gemeenskapgesoneerde persele, nege openbare ruimtes, paaie en 'n stormwater-keerdam. Sommige van die BNG-huise word gebou om mense met gestremdhede te akkommodeer.

Voordat hy die sleutels aan die begunstigdes oorhandig het, het minister Simmers die nuwe huiseienaars se aandag daarop gevestig dat hulle 'n kennistydperk van drie maande het om probleme met hul huise aan te meld. Daarna sal hulle vir die instandhouding van en herstelwerk aan hulle huise verantwoordelik wees.

Hy het hulle ook daaraan herinner dat huiseienaars nie toegelaat word om binne agt jaar 'n huis wat hulle van die staat ontvang het, te verhuur of te verkoop nie; hulle mag dit ook nie gebruik om 'n besigheid te bedryf nie.

Wyk 8-raadslid, onderburgemeester Elnora Gillion, en raadslede Arnie Africa, Lindile Ntsabo en Hannie Morgan het die minister by hierdie geleentheid vergesel.

Waterrekening of meterlesing hoër as gewoonlik?
Daar is 'n eenvoudige verduideliking.

Hou in gedagte dat te danke aan die inperking daar meer tyd as gewoonlik tuis bestee is wat dalk die rede is waarom meer water en elektrisiteit as gewoonlik verbruik is.

Voorts word meterlesings geverifieer met behulp van foto's wat van die meterlesing geneem word om seker te maak dat die korrekte lesing op die rekening verskyn.

Overstrand se beleid oor kliëntesorg, kredietbeheer en skuldinvordering bepaal dat as 'n diens gemeet word maar die meter weens finansiële en/of menslikhulpbronbeperkings of omstandighede buite die munisipaliteit of sy gemagtigde agent se beheer nie gelees kan word nie, die kliënt vir 'n raming gegrond op vorige verbruik gefaktureer kan word.

Gegewe die omstandighede rondom die afkondiging van 'n nasionale inperking middel-Maart, weerspieël die meeste waterrekenings 'n gemiddeld slegs vir Aprilmaand. Die uitsonderings is Westcliff en Eastcliff waar 'n raming vir twee maande, naamlik April en Mei, gebruik is.

Desnieteenstaande, wanneer ramings gebruik word, is die munisipaliteit verplig om regstellings te maak sodra meters weer gelees kan word sodat die kliënt te waterrekening werklike waterverbruik weergee. Hierdie regstellings kan óf 'n krediet- óf debietaansuiwering tot gevolg hê.

Ter illustrasie, en met inagneming dat Overstrand se faktureringstelsel vir waterverbruik gegrond word op die dae tussen lesings – met ander woorde lesings word ongeveer elke 30 dae geneem – kom ons kyk hoe 'n denkbeeldige kliënt se verbruik op die stelsel weergegee sou word:

DATUM	LESING	VERBRUIK
02/02/2020	1000 tot 1015	15 kℓ verbruik soos per werklike lesing
02/03/2020	1015 tot 1027	12 kℓ verbruik soos per werklike lesing
03/04/2020	1027 tot 1037	10 kℓ beraamde verbruik oor 30-dae-tydperk
03/05/2020	1037 tot 1047	10 kℓ beraamde verbruik oor 30-dae-tydperk
04/06/2020	1047 tot 1083	36 kℓ* werklike lesing sedert 02/03/2020

**Let daarop dat hierdie lesing weer eens 30 dae verteenwoordig.*

Op hierdie punt word die beraamde verbruik plus werklike verbruik sedert die laaste werklike lesing (d.w.s. 10 kℓ + 10 kℓ + 36 kℓ = 56kℓ) deur 90 dae gedeel.

Gegrond op hierdie berekening sal ons denkbeeldige verbruiker se waterrekening aangesuiwer word om 'n gemiddelde verbruik van 2 x 18 kℓ en 1 x 19 kℓ onderskeidelik vir die 90-dae-tydperk weer te gee.

Let daarop dat tariewe vir waterverbruik gegrond word op 'n glyskaal: Hoe hoër die verbruik, hoe hoër die tarief.

Indien u vermoed dat u meterlesing nie korrek is nie, stuur asseblief die tersaaklike rekeningnommer na enquiries@overtrand.gov.za sodat die saak ondersoek kan word.